



HOOGMOED

WAT IS DIE NAGEVOLGE VAN HOOGMOED

KORT GEDAGTES

GOD ALMAGTIG besluit om twee wonder wesens te skep uit die minerale van die HEMEL.....

HOOGMOED

WAT IS DIE NAGEVOLGE VAN HOOGMOED

GOD besluit om twee wonder wesens te skep uit die minerale van die Hemel. HY skep hulle uit diamante en die hoogste hemelse graad edelstene. Sorgvuldig vorm HY die wesens, die prag en glans is verbuisterend helder, en hulle is soos die res van GOD se skepping, asemrowend.

GOD gee die prag wesens baie talente en intelligensie om alles wat hulle doen, goed te doen.

GOD sê, “ julle, is my prag wesens, gaan leef, en gaan geniet alles wat EK in julle ingebou het, en onthou EK is ‘n jaloerse GOD, en EK is liefde. Gaan en verteenwoordig MY, orals waar julle gaan, kom dan terug en vertel MY alles van julle wonderlike ervarings. Aan julle word die geskenk gegee van vrye wil. EK waarsku julle ook, “(Mat 6:1) Pas op dat julle nie jul liefdadigheid voor die mense bewys om deur hulle gesien te word nie; anders het julle geen loon by MY, jul Vader wat in die hemele is nie.” EK seën julle!”.

En met die seën van hulle SKEPPER en die ingeboude talente en intelligensie, vat hulle die bul by die horings, en begin hul wonderlike pad van ervarings, besluite, en liefdadigheid.

Die wonderlike wesens doen die mees fantastiese daade. Hulle bou die wonderlikste geboue en gemeenskappe. Hulle help die mensdom om beter mediese produkte op die mark te bring, hulle maak siekes gesond, bring mense terug uit die dood, red kindertjies. Orals waar hulle gaan verbeter hulle die lewensomstandighede van mense met liefdadigheid en goedhartigheid. Hulle help ook die diereryk, en versprei oral oor net goeie nuus, geluk en vrede.

Maar alles kom tot ‘n einde en dit is tyd vir hulle terugkeer na hul SKEPPER, waar hulle moet verslag lewer van al die ervarings wat hulle beleef het.

Die Hemel is in oproer want daar word 'n fees voorberei.

Die wesens is oppad terug!

Met groot verwagting staan die engele en wag in die troonsaal. En soos die eerste wesen die troonsaal betree is daar 'n ongelooflike verblindende glans wat die hele troonsaal laat skitter. Dit is die glorie van GOD self wat deur die wesen skyn. GOD glimlag en hou die wesen styf vas, "welkom terug my kind", sê GOD.

Die ander wesen betree dan die saal, en 'n doodse stilte val oor die vergadering. Hy vesprei geen glans nie!. Almal wonder in verbasing wat fout is met die wesen. Hy is heeltemal donker met geen glans. 'n donker kristal wat geen glorie van GOD deurlaat nie.

GOD vra dat die 2 wesens voor die troon sal bymekaar kom en elkeen hul storie sal vertel. Met opgewondenheid vertel die eerste wesen sy ondervinding, "Met elke gedagte en geleentheid het ek U geprys en U die eer gegee. Elke keer as ek iets gedoen het, maak nie saak wat die was nie, het ek U geprys en gesê, dankie HERE aan U kom die eer toe, en nie myself nie."

Die tweede wesen vertel dan sy ondervinding. Hy sê "HERE, U het my so slim gemaak, en soveel talente gegee. Ek het soveel beteken vir mense en het soveel goeie goed gedoen. Elke keer as ek iets gedoen het, het ek gedink ek is so fantasties en vir myself die eer gegee."

En dan spreek GOD,

"Gaan en verteenwoordig MY, was MY woorde aan julle, en julle was die geskenk gegee van vrye wil. EK het julle gewaarsku, "(Mat 6:1) Pas op dat julle nie jul liefdadigheid voor die mense bewys om deur hulle gesien te word nie; anders het julle geen loon by MY, jul Vader wat in die hemele is nie.

Ek herhinner julle aan Lukas 18:10

Luk 18:10 Twee manne het na die tempel opgegaan om te bid, die een 'n Fariseër en die ander 'n tollenaar.

Luk 18:11 En die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: o God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie—rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie.

Luk 18:12 Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry.

Luk 18:13 En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sonbaar, genadig!

Luk 18:14 Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan eerder as die eerste een; want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word."

Wat leer die Bybel ons:

Mat 5:5 Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.

Mat 5:6 Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.

Mat 5:7 Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.

Mat 5:8 Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.

Mat 5:9 Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.

Mat 5:10 Salig is die wat vervolgt word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Gedagte: Hoeveel van ons, "Christene", dink ons is so fantasies dat ons so hoogmoedig geraak het dat ons nie meer die glorie van GOD uitstraal nie. En sonder dat ons dit weet herhaal ons geskiedenis GOD se prag engel wat HY self geskape het, het gedink hy is so fantasties en beter as SKEPPER self en hy is uit die Hemel gewerp,

Eseg 28:17 Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans.

Ek het jou op die grond gewerp,

Ons kan allerhande wonderlike goed doen, maar aan wie gee ons die eer? aan HOM? of ons self?

Spreuke 6:16 – 19 verklaar, "**Die Here haat ses dinge, nee, sewe waarvan Hy 'n afsku het: oë wat straal van hoogmoed,**

hoogmoed is sonde, en Rom 6:23 sê,

Rom 6:23 Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.

As ons dan beweer dat JESUS in ons is, dan het ons die lewe, niks kan dit wegvat nie, laat ons HOM dan die eer gee en laat ons mekaar dien met SY LIG.

Laat die HEILIGE GEES SE GLANS deur ons skyn.